Beeld 22 Maart 2007, P24

# Obama se stryd om ras te omseil

## VSA en SA kort albei inklusiewe politieke bewussyn



**Beeld-forum**

Jonathan Jansen

Dis nuttig om afstand te verkry van die rassepolitiek in 'n mens se eie land deur na die presidentstryd in 'n ander land te kyk.

Vir die eerste keer in die geskiedenis van die VSA het 'n vrou of 'n swart man 'n realistiese kans om president te word.

En die media in daardie land vra: Is die land gereed vir 'n swart of 'n vroue-president?

Dis 'n legitieme vraag – selfs in 'n land waar die speaker van die kongres 'n liberale vrou is en waar 'n swart vrou tans vir die eerste keer die minister van buitelandse sake is.

Die konserwatiewe wit reaksie was voorspelbaar. Obama se naam is doelbewus verkeerd as "Osama" deur 'n konserwatiewe nuusnetwerk uitgespreek.

Meer onverwags was die liberale wit senator wat hierdie swart man as "welsprekend en skoon" beskryf het.

Dit was egter die reaksie van swart Amerikaners op sen. Barack Obama van Illinois – die eerste ernstige swart presidentskandidaat – wat my verbaas het. Talle invloedryke stemme in swart VSA het met dieselfde venyn as konserwatiewe wittes gereageer.

In 'n verklaring wat as 'n aanval op Obama beskou word, het eerw. Al Sharpton, 'n opportunistiese politikus en smerige swart predikant, gesmaal dat "die blote feit dat jy ons kleur het, beteken nie jy is deel van ons nie". Debra Dickerson, 'n prominente swart outeur, redeneer weer dat Obama "nie afkomstig is van Wes-Afrika-slawe wat na die VSA gebring is nie . . . (maar) die vrugte van swart vooruitgang pluk sonder dat hy in enige opsig die las gedra het". Obama was vir 'n ruk in 'n televisie-opname 40 punte agter sen. Hillary Rodham Clinton, die wit vrou in die presidentswedloop – en dit onder swart Amerikaners!

Hier staan 'n swart man, gebore in die VSA. Sy vader 'n swart immigrant uit Kenia, sy moeder 'n wit Amerikaner. Hy wy sy openbare lewe aan werk in die ghetto's van Chicago en ander arm stede in sy staat. Sy inspirerende toesprake en idees aangaande ras, soos vervat in sy boek *The audacity of hope*, verenig mense op 'n wyse waaroor ander politici net kan droom. Sy afkeer van oorlog, korrupte politici en politieke dubbelpratery waai soos 'n vars bries deur 'n andersins siniese Amerikaanse kieserskorps. Hy is 'n toegewyde Christen en gesinsman.

Ten spyte hiervan bevind Obama hom in die onbenydenswaardige posisie dat hy deur talle Afro-Amerikaners verwerp word omdat hy, wel, nie swart genoeg is nie.

Dis vir my duidelik dat Obama se weiering om deur rassepolitiek gedefinieer te word hom van sy swart medereisigers vervreem.

Sy visie van rasse-inklusiwiteit bots lynreg met Afro-Amerikaners se beskouing van slagoffers wees; hul neiging om die wit stelsel vir al hulle probleme te blameer. Tienerswangerskappe, dwelms, bendes – al dié euwels spruit uit 'n bose wit stelsel wat swart mense steeds uitbuit. Volgens hierdie siening van probleme is daar geen persoonlike of kollektiewe verantwoordelikheid nie, slegs wit rassiste.

G'n wonder nie dat die swart Amerikaanse outeur John McWhorter in sy boek *Winning the race: Beyond the crisis in black America* verwys na die verskynsel "terapeutiese vervreemding" – 'n neiging binne die Afro-Amerikaanse gemeenskap om homself as die slagoffer van 'n reddelose verdrukker te definieer.

Ek kry visioene van die Native Club, ons president se onsinnige idee om swart intellektuele rondom 'n soortgelyke idee van slagofferskap te mobiliseer.

En van mnr. Trevor Manuel, 'n briljante minister van finansies en gewilde politikus, wie se kanse om die volgende president te word met dieselfde verwronge logika afgemaak word as wat Obama in die gesig staar. Hy is eenvoudig nie swart genoeg nie.

Ek kry visioene van wit Suid-Afrikaners wat, soos swart Amerikaners, as 'n demografiese minderheid midde-in 'n oorweldigende rassemeerderheid bestaan; mense wat onophoudelik kla oor die dominante onderdrukker.

Wat albei nasies kort, is 'n politieke gewaarwording wat insluit eerder as isoleer; wat bymekaar bring eerder as apart hou; wat ander se belange op die hart dra eerder as hul eie. Barack Obama weier om deel te hê aan verdelende politiekery wat die toekoms langs rassekontoere definieer.

En dit is juis wat swart Amerikaners die meeste beangs.

■ *Prof. Jonathan Jansen is uittredende dekaan van opvoedkunde aan Tuks.*